## 14 November Lukas 18:9-14

### *Nader nederig en word verhoog*

Twee mense gaan na die tempel met twee verskillende gebede. Met die intrapslag is dit duidelik dat hierdie gewyde atmosfeer die Fariseër bevoordeel. Hy vergelyk hom nie met Samuel of Simon nie, maar met hulle wat 'n slegte reputasie het. Hy sluit selfs die tollenaar in sy gebed in. Hy vertel as't ware vir God hoe gelukkig Hy is om so 'n nougesette en pligsgetroue kind soos hy, die Fariseër te hê. Sy sonde van selfverheffing laat hom die heilige ironie miskyk - hierdie man wat hy so verag, is op pad hemel toe. 'n Plek wat die Fariseër nooit sou sien nie tensy hy 'n totale hartsverandering ondergaan.

Teenoor hom verskyn die tollenaar in die bewustheid van sy sonde en onwaardigheid. Net 'n noodkreet uit sy hart kom oor sy lippe. Hy smeek God om genade en versoening. Sy gebed word verhoor, want hy keer huiswaarts met die wete dat sy saak met God reg is.

Albei het presies gekry waarvoor hulle gebid het: Die Fariseër niks nie, want hy het niks gevra nie; die tollenaar het die genade ontvang waarvoor hy gevra het. Die Fariseër het in sy "geregtigheid" voor God gestaan en gaan in sy ongeregtigheid weg. Die tollenaar het hom in ongeregtigheid voor God verootmoedig en gaan weg in genade wat God aan sondaars skenk.

Staan ek voor God met so 'n ietsie om aan te bied in belang van my verlossing? Of staan ek naak voor God, alleen, maar bewus van my sonde?

Sing: Psalm 73:10 Ds. S. Hibbert (Koster)